

# *Towerlantern Fotografie* fotografienuus


mei 2017



Dit bly besonders om op reis te gaan met die hoofbedoeling om foto's te neem. En as dit na die Namib toe is, is dit soveel te meer 'n vreugde.

Om 'n toer na die Namib 'n vakansie te noem, is in 'n sekere sin platvloers. As jy die tonele in die Namib sien, besef jy jy is besig met 'n verhewe besigtiging – en jy wens jy kon al jou familie, jou fotografievriende, jou gemeente saam met jou hê om die landskap-tonele met hulle te deel. En hierdie jaar, met plek-plek goeie reën in Namibië, was dit soveel te meer besonders. Die foto hierbo gee een so 'n blik.

## Dink *wyd* oor fotografie



As jy nog nie die pragtige herfs raakgesien het nie, is dit nou die tyd om jou kamera te gryp en te begin foto's neem. Oral wag die foto's om raakgesien – en geneem – te word. Hoewel party bome teen die begin van Mei al kaal is, is daar ander wat selfs nog in Junie mooi vertoon.

Onthou om steeds wyd te dink oor fotografie. Die mooi bome kan baie maklik tot gevolg hê dat jy net kiekies

neem. Probeer werklik om dieper tonele raak te sien. Benut die geleentheid; en jy hoef nie ver te reis nie, soos die meegaande toneel toon (soos die kraai vlieg ongeveer twee kilometer van my huis af).

# foto-uitstalling in augustus

Dit het nou al gebruiklik geword dat studente van Towerlantern Fotografie jaarliks in Augustus die geleentheid kry om van hul werke uit te stal.

Jy word hiermee dus uitgenooi om die komende Augustus hieraan deel te neem. Begin nou al om jou foto's deur te werk en/of nuwe foto's te neem met die oog op die saamstel van 'n portefeulje. Die reëls vir die uitstalling sal later volledig gegee word,



maar kan kortliks soos volg saamgevat word:

- Enige student (ouer en nuwer) van Towerlantern mag deelneem.
- Die geleentheid is nie 'n kompetisie nie, en foto's van elke fotograaf wat foto's indien, sal uitgestal word.
- Tien foto's moet ingestuur word, waarvan drie gekeur sal word vir uitstalling. Dié drie moet gemonteer word volgens voorskrifte wat later gegee sal word. Nog vier ander foto's van die sewe oorblywendes sal elektronies vertoon word.

**f** Towerlantern Fotografie

## facebook

Meeste lesers is reeds bewus van Towerlantern se Facebook-blad. Jy word uitgenooi om dit gereeld te besoek. Hierdie Facebook-blad is bedoel om opvoedkundig te wees, met die volgende rubrieke gedurende weekdæ:

- *Foto's van ons fotografievriende* (waarin foto's van klasgroepe of individue vertoon word, soms ook met fotografiese inligting daarby).
- *Kunsfotografie* (waarin een of ander kunsfotograaf of kunsonderwerp bespreek word).
- *Kamera- en fotowenke* (waarin wenke of selfs opdragte vir foto-entoesiaste gegee word).
- *Uit die verlede* (waarin daar in die verlede rondgekrab word vir interessante brokkies inligting).
- *Op internet gesien* (waarin op die internet rondgesoek word na nuuswaardighede, snaakse goeters, vreemde foto's, ensovoorts).

Om 'n idee van elk van hierdie rubrieke te gee en ook om lesers te betrek wat nie normaalweg by Facebook uitkom nie, word verderaan toeligting gegee van elk van hierdie vyf onderwerpe. Volg gerus die skakels wat gegee word.

*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2017 -

# foto's van ons fotografievriende

Fanie Coetzee, een van ons getrouwe fotografievriende, het onlangs by die Varsity Cup in Potchefstroom, gaan foto's neem. Die kindertjies op die meegaande foto het, soos hy sê, sy oog gevang.

Jy het miskien self al beleef dat jy met 'n sekere doel foto's gaan neem en dat jy dan eindig met iets heel anders – en dalk juis een van jou tref-foto's.

Soos hierdie foto van Fanie; let op na die trefkrag daarvan.




## kunsfotografie

Die foto hierby is beswaarlik wat mens 'n kunsfoto sou noem, en dis ook nie my bedoeling om dit so te noem nie.

Ek wil wel in aansluiting hierby 'n saak noem wat van belang is: Moet nooit ophou om met jou kamera te speel nie! Hiermee bedoel ek dat jy moet eksperimenteer, tonele moet raaksien, tonele moet skep, verwronge foto's van jouself en ander onderwerpe moet neem, ensovoorts.

Die foto hierby is 'n oneindige herhaling van beelde in twee ewewydige spieëls. Die lensopening is groot vir 'n vlak velddiepte en die verdwynpunt in die foto is ook die infokus fokuspunt. Probeer dit: Staan tussen twee ewewydige spieëls en neem jouself af. Dis dalk net 'n kunsfoto!!




*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2017 -

# kamera & foto wenke

Studeute vind dit dikwels moeilik om die verband te sien tussen lensopening, sluiterspoed en ISO. En in die besonder hoe dit jou foto's beïnvloed.

Daar is verskillende grafiese voorstellings om dié saak onder die knie te kry. Manie Krause het die volgende driehoek-voorstelling teëgekem en aangestuur. Baie dankie daarvoor.

As jy van tyd tot tyd met hierdie begrippe sukkel, druk die meegaande voorstelling uit, plak dit op karton en hou dit in jou kamerasak.



Daar is miskien nuwe lesers wat nie daarvan bewus is dat Towerlantern Fotografie ook 'n webblad het nie. Besigtig gerus van tyd tot tyd hierdie webblad en/of bring dit onder die aandag van vriende. Adres: <http://www.towerlantern.co.za/>


Die bekende New Yorkse fotograaf, Don Hunstein, is op 18 Maart 2017, op 88-jarige ouderdom, oorlede.

Hunstein was veral bekend vir besondere kunsfotos van bekende persone in die musiekwêreld. Een van sy foto's het op die omslag van Bob Dylan se tweede album, "The freewheelin' Bob Dylan" verskyn. (Sien die foto hierby.)

Ander persone in die musiekwêreld van wie Hunstein foto's geneem het, sluit persone in soos Johnny Cash, Benny Goodman, Miles Davis en Simon & Garfunkel. Gaan na <http://www.donhunstein.com/> vir meer foto's van Hunstein.



## op internet gesien



Ons kan dit nie genceg beklemtoon nie ... Dink wyd oor fotografie! Die fotograaf Andrius Burba het 'n projek begin waar hy diere van onder afneem (<http://www.underlook.org>). Wat dink jy daarvan?

Iemand kan dalk vra, "Hoekom?"... Maar as kreatiewe fotograaf moet jou antwoord wees, "Hoekom nie?"

Van tyd tot tyd bied ons geleentheid om saam foto's te neem of om saam foto's te kyk. Ons beplan 'n volgende geleentheid om saam foto's te kyk vir 24 Mei. Hou hierdie datum oop en hou jou e-pos dop vir besonderhede wat nog uitgestuur sal word.



Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs